

“DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 19 - nr. 43.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

27 Oktober 2019 (Hervormingsondag)

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die Here te kan dien.

EREDIENS VANOOGEND: Dr. Petrus Venter

Voorsang:

Sb. 12-3 :1,2 (Beryming Art 1 NGB)

Ontmoetingsdiens:

Votum en seën

Sing: Ps. 104:1,17,19

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet

Sing: Ps. 103:1,2

Gebed

Woorddiens:

Sing: Ps. 107:8,9,12

Skriflesing: Hebreërs 1:1-6

Teks: Hebreërs 1:1 HK Sondag 7 (V/A 21)

Preektema:

Om te glo is om te sien...

Antwoorddiens:

Liefdesdiens kollekte: In die banke- DVB

By die deure- Kerkblad

Sing: Ps. 46:1,6

Wegstuurseën

Preekskets

Die mens van ons tyd en van ons dag; hoeveel kerke van ons tyd en van wat die kerk in hierdie dae vir mense wil beteken werk nie meer met die sentrale vraag dat God van ons gehoorsaamheid eis. Gehoorsaamheid op alle terreine van die lewe het 'n vreemde uitgangspunt geword. Solank my eie menswaardigheid en my eie regte voorop geplaas kan word, dan voel ek darem net baie meer tuis en gemaklik. God se Woord word as mensewoord geag en is al meer mense daarop ingestel; hierdie Woord van God moet ondergeskik wees aan mensewoord en wat as mensereg beskou word.

Die Kerkhervorming wat ons vandag mag vier het hierdie sware gebeure en gedagtes van ons tyd weliswaar kon aanspreek, omdat God se Woord dit so duidelik aanspreek. God praat met ons, ja die Here wat spreek is 'n baie sentrale gedagte en uitgangspunt dwarsdeur die Hebreër-preek. God praat en ons moet luister, dit is wat my ingesteldheid moet wees as ek Hebreërs lees.

Dan kan daar wel met groot lof oor die mense van die ou tyd gepraat word, ja soos ons in Hebreërs 11 name en nogmaals name lees van mense van die ou tyd, maar hulle geloof praat met ons tot in die hiper modernste tyd. Ja, ek verstaan ons moet ons tyd tipeer as die vierde industriële rewolusie en tog kom die vraag op Hervormingsondag wat beteken die werk van Martin Luther, Johannes Calvyn, Ulrich Zwingli, John Knox, vandag nog vir my.

KOLLEKTES

Vandag: 27 Oktober 2019

In die banke: **Dorkas**

By die deure: **Kerkblad**

Sondag: 3 November 2019

- In die banke: **Diens van barmhartigheid**

By die deure: **Sustentasië GKSA**

WYK - DIENSBEURT

Vandag – 27 Oktober 2019 – **Wyk 6**

- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter

- **Diaken:** Br. Michiel Burger

- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

Volgende week – 3 November 2019 - **Wyk 7**

- **Ouderling:** Br. Jan Schoeman

- **Diaken:** Br. Nico Geldenhuys

- **Wyksusters:** Sr. Marthie Geldenhuys

MEELEWING

- Ons dink in ons gebede aan sr. Marie Fourie wat aansterk en die week weer behandeling ontvang. Ons dink in besonder aan haar, br. Bertie, sr. Koos en familie in sware tyd.
- Ons dink aan br. Chris van der Merwe wat tuis aansterk. Ons vertrou dat daar spoedig vir hom nog groter beterskap mag kom.
- Br. Gert Brits het afgelope tyd twee keer geval en verskeie kneusplekke opgedoen.
- Br. Wolf Reinecke (sr.) wat swaarkry met sy gesondheid bid ons spoedige beterskap toe.
- Ons dink ook aan br. Johan Riley wat ook geval en seergekry het en wie se gesondheid onder sware druk verkeer.
- Ons wil in hierdie tyd van uitermate droogte en swaar toestande vir ons boere op die plase wat knellend op gesinne en families inwerk van ons voorbidding verseker. Mag die Here wat alleen die uitkoms kan gee ons genadig wees.

VERJAARSDAE

Woensdag 30 Okt Jngsr. Chris-Marie Erasmus

Vrydag 8 Nov Jngsr. Jane Coetzee

Saterdag 9 Nov Sr. Ria vd Walt

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

BEROEPE ONTVANG: Ds. MH le Roux (Marco) van GK Newcastle na GK Reitz/Lindley kombinasie

Ds. GP Meijer van GK Vryburg na GK Waterkloofrand Pretoria

Ds. HL Stavast van GK Totiusdal na GK Nylstroom

BEROEPE AANVAAR: Ds. TV Moruri (Victor) van GK Jouberton na GK Sebokeng, Sharpeville, Zamdela, Boibatong kombinasie

PRETORIA FM UITSENDINGS – MAAK MY U WEË BEKEND

Die program wat dr. Petrus vanaf 8 Sept. tot einde Oktober op die senders van Pretoria FM saam met dr. Gerard Meijer bepaalde bydraes lewer word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dit is die enigste wyse wat ons hier na die programme sal kan luister. Dit is vandag die laaste uitsending van die reeks waar 'n nuwe span volgende maand sal aangaan.

ALMANAK 2020

Die Administratiewe Buro wil graag alle bestellings vir volgende jaar se Almanak finaliseer. Dit is vanaf die 4de Nov. 2019 in Potchefstroom beskikbaar. Almal wat graag weer die boek met ons kerkverband se gegewens en ook kosbare dagstukkies wil bekom moet u bestelling aan ons kerkkantoor deurgee. Dit kos R86 per boek, posgeld uitgesluit.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by

<http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-klasse vind Sondae na die ereadiens by die kerk plaas.

Die Voor-belydenisklas vind Sondae 'n kwartier na die ereadiens ook by die kerk plaas. Ons gaan vandag daarmee voort.

Ons Belydenisklas en ook volwasse kategese klasse vind Maandae-middae plaas. Reëlings met die groepe sal steeds deur WhatsApp via ons kerkgroep deurgegee word.

KERKKANTOOR

Ons is opsoek na ou koerante by die kerkkantoor.

Die Kerkkantoor is besig met die opstel van die 2020 kalender. Enige voorstelle en veranderings kan aan die kerkkantoor deurgegee word.

DORKAS- SUSTERS

Huis Jan Vorster-mandjie – Toiletware vir ons inwoners in HJV kan in die groen mandjie voor in die portaal geplaas word. Hulle ondervind die laaste tyd veral 'n tekort aan **doeke, Prep en aqueous room**. Die inwoners het ook hulle hartlike dank uitgespreek vir dit wat alreeds geskenk is.

BYBELSTUDIE

Bybelstudie Maandae 19h00 Aandgroep

Bybelstudie Dinsdae 10h00: Oggendgroep

Ons gaan voort met die reeks rondom die gebede uit God se Woord.

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons tee-drink lokaal na die ereadiens.

GEMEENTEKAMP

Merk die datum: 3 tot 5 April 2020

STEAK-ETE

Volgende steak-ete is **1 November 2019** aangebied deur al die wyke. Al die Susters se hulp word benodig met die voorbereiding van die slaaie en die skep van slaaie en bak van die pannekoek. Skakel asb. julle wyksuster. Hierdie is die laaste steak ete vir die jaar.

KERMIS

Daar is nog enkele pakkies wors en skaap kook vleis beskikbaar by die kerkkantoor.

Die Kermis se inkomste na die uitgawes verhaal is staan op R198 213.93

OMGEWINGSPITKOS – Dr. Peet van der Walt

Psalmdigters verlustig hulle graag in die gebooe van die Skrif wat hulle liefhet (Ps 119 : 47, 48) en God se openbaring in natuurbelewensisse (Ps 19). Dit is omdat hulle dié geestelike en aardse lusoorde geken het om immer die reinheid daarvan te toets teen besoedeling wat die wêreld bied. Gehoorsaamheid aan God en dankbaarheid oor sy groot verlossing, hou dus ook in dat jy jou ingesteldheid teenoor ons gebroke aardse huishouding veral in jou klein lewenskring met toewyding moet verbeter. Leer dan wat dit inhou om jou kant te bring om 'n latere gemors af te weer. Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie, ... maar ons is vol moed (2 Kor 5 : 8).

KALENDER (JAARBEPLANNING) IN ELEKTRONIESE FORMAAT

As u graag u dagboek in elektroniese formaat op u selfoon wil plaas kan u op ons webwerf die toepassing en beplanning aflaai wat dit deur *Microsoft Outlook* vir u moontlik maak. Die inligting is gestoor op die Tuisblad onder die lêertjie pmg_calendar.ics

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

In Oktober wil die predikant graag wyke 3 en 4 klaarmaak en met wyk 5 begin. Hy sal u kontak om afspraak vas te maak.

HUISBESOEKE DEUR DIE OUDERLINGE

VERGADERINGS:

Volgende kerkraadsvergadering vind DV 20 Nov. 2019 plaas.

Verslag van die Finansiële Kommissie

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen 'n beroep op lidmate om so vol te hou. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571

Kerkkantoor ure: Maandae tot Vrydae 09h00 - 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampste	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster			
Orrelis			
Kassiere	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	55
Bydrae: Sustentasië Klassis	R 612.70
Bydrae: Diens Barmhartigheid	R 1531.60

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za